

Nuusbrief van die Peter Henrick Henning Familiebond

Wingerd 205
Theewaterskloof Landgoed
Villiersdorp

Posbus 121
Villiersdorp
6848

Tel: 028 840 0113

www.henning.org

E-pos: olie4@henning.org

Verskyn vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November

Pieter Hendrik Henning in diens van die VOC



Die onderskrif van hierdie skildery lui: **Het Oostindisch huis te Enkhuizen, omstreeks 1729, getekend door Cornelis Pronk (Rijksarchief te Noord-Holland).** Dit is die hoofkwartier gebou van die kamer Enkhuizen van die VOC waar Pieter Hendrik Henning op 14 Julie 1765 in diens van die VOC getree het. In hierdie artikel probeer ons vertel van die gebeure by hierdie gebou tydens die indiensneming van nuwe soldate en matrose

Die rekenarising en oopstel van die argiewe van die Verenigde Oos-Indiese Kompanje (VOC) 'n paar jaar terug het wêreld ooggemaak vir ons navorsing na die vroeë geskiedenis van ons Henning stamvader, Pieter Hendrik Henning.

Ons het byvoorbeeld agtergekom dat ons ou stamvader nie met die skip *De Vrouwe Petronella* na die Kaap gevaar het nie, maar wel met die skip *De Jonkvrouwe Kornelia Jakoba*. Dokumente in die Kaapse Argiefbewaarplek – byvoorbeeld die sertifikaat ingevolge waarvan Pieter Hendrik 'n vryburger geword het – het aangedui dat hy met die skip *De Vrouwe*

Petronella na Suid-Afrika gekom het. Toe ons dit in die VOC se argiewe wou kontroleer, kom ons agter dat Pieter Hendrik se naam op nie een van die skeepslyste van die *Vrouwe Petronella* verskyn nie, maar dat sy besonderhede duidelik op die skeepslys van die 14 Julie 1765 vaart van die *Jonkvrouwe Kornelia Jakoba* na Batavia verskyn. Pieter Hendrik se vryburger sertifikaat is eers 13-jaar na sy aankoms uitgereik. Dit wil dus lyk asof daar na al daardie jare 'n fout gemaak is met die skip se naam. Ons het reeds in Nuusbrief 103 van Augustus 2010 hieroor berig.

Dit was baie gevaarlik om vir die VOC te werk! Van die 90 Hennings is meer as 60% in diens oorlede

In Nuusbrief 103 het ons ook vertel van al die Hennings wat vanaf 1652 tot 1795 by die Verenigde Oos-Indiese Kompanje (VOC) in diens getree en by al die plekke reg oor die wêreld, waar die VOC betrokke was, aangewend is. Ons het met verbasing kennis geneem van die feit dat daar nie minder as 90 Hennings oor hierdie honderd drie en veertig jaar by die VOC in diens was. Die meerderheid was as soldate in diens en Pieter Hendrik Henning, stamvader van die meerderheid Hennings in Suid-Afrika was een van hierdie soldate. Hy word op 14 Julie 1765 by die Kamer Enkhuizen van die VOC in diens geneem en vertrek dieselfde dag met die retoerskip, Jonkvrouwe Kornelia Jacoba na die Kaap van Goeie Hoop.



'n Tweede skildery van Het Oostindisch huis te Enkhuizen, die hoofkwartier van die kamer Enkhuizen. Dit toon die gebou net van die ander kant af as die skildery op die voorblad

Die VOC het ses afdelings –genoem kamers – gehad, waar werkers in diens geneem is. Hierdie kamers was Amsterdam, Rotterdam, Hoorn, Delft, Middelburg en Enkhuizen.

Dit was baie gevaarlik om vir die VOC te werk! Van die 90 Hennings is 48 in diens oorlede, twee het verdrink toe hulle skip vergaan het, vyf het vermis geraak en twee het weggeleef. Slegs vier – waarvan Pieter Hendrik een was – het Vryburgers geword.

Karel Schoeman se boek, Stamland: 'n Reis deur Nederland. Human & Rousseau, c 1999, gee mens 'n baie goeie prentjie van die desperate omstandighede waarin mense werk by die VOC gesoek het. Dit toon groot ooreenkomste met wat 'n jaar of wat gelede by die Universiteit van Johannesburg gebeur het, toe duisende voornemende studente mekaar vertrap het in hul pogings om seker te maak dat hulle aansoek voorkeur kry bo die ander mense wat ook wou studeer. Dit blyk of ons ou stamvader in sy soektog na werk, dalk ook aan soortgelyke onbeskaafde gedrag blootgestel was.

Die VOC het nie so 'n goeie reputasie gehad dat Nederlanders graag by hom wou werk nie. Arbeidsvoorwaardes en lone was nie aantreklik nie. Om as 'n soldaat te werk was nog minder aantreklik. As gevolg hiervan moes die Kompanje arbeiders en soldate uit die buiteland trek. Baie van hierdie mense het dan ook vanaf hawestede uit die Noord-, Oos- en Wit See of vanaf Duitsland gekom.

Duitsland het gely onder armoede, hongersnood, oorlog en vervolging. Daar was ook wanaangepastes, misdadigers en avonturiers onder hierdie mense. Werksoekers kon hulle by enige van die Kompanje se kamers aanmeld, maar omdat Amsterdam daardie tyd die derde grootste stad in Europa was (London en Parys was

groter) het die meeste daarheen gegaan. Meestal moes hulle oorbly in die stegies in agterkamers of solders waar die straatvroue bedrywig was. Op bepaalde dae is ‘*volgens gewoonte*’ in alle strate en stege met trommels en fluite, skalmeie en trompette aangekondig dat nuwe werkers by die kompanje benodig word. Die kantore was geleë te Oostindisch Huis, 'n reeks van geboue in Oude Hoogstraat vanaf die Dam na die Oude Schans waar die stadsmuur van die Middeleeuse stad was. Tans word die oorspronklike hoofgebou deur die Sociologisch Instituut van die Universiteit van Amsterdam gebruik.



'n Skildery van Abraham Storck met 'n uitsig oor die hawe op die eiland Texal aan die Suidersee, van waar af alle VOC skepe vertrek het omdat die Suidersee self te vlak was

'n Aanhaling uit Karel Schoeman se boek beskryf die toestande waaraan potensiële werknemers van die VOC blootgestel is as volg: “*Hier is daar 'n groot menigte, en die potensiële rekrute word in groepies van twaalf of hoogstens vyftien in die gebou ingelaat. So gou soos wat die deur oopgemaak word, probeer al die mans wat naby genoeg is vir hulle 'n pad na binne forseer, en dit gebeur dikwels dat mense doodgedruk word in die gedrang wat sodoende ontstaan. Die vasgestelde aantal mans*

word binnegelaat, dan word die deur weer toegemaak, en enigeen wat hom nie vinnig genoeg terugtrek nie, word deur die deurwagters deeglik reggesien. Dit is byna ongelooflik hoe die mans hul in die diens van die Kompanje probeer indwing. Ek het self mans gesien wat na die vensters van die tweede verdieping, bo die ingang deur, opklouter en daar aan die ysterrooster vasklou totdat die deur oopgemaak word; hulle laat dan onmiddellik los, val op die koppe van die mans wat voor die deur staan, en word sodoende saam in die gebou ingevoer. Selfs mans wat afgekeur is, verloor nie hoop nie; hulle trek 'n ander uniform aan en wag omtrent 'n uur of anderhalwe uur. Dan forseer hulle vir die tweede keer 'n pad na binne, en is dan dikwels gelukkig genoeg om aanvaar te word, veral as daar teen die einde van die dag 'n tekort aan applikante blyk te wees.”

Diegene wat as matrose of soldate kon diens doen, moes 'n kontrak vir vyf jaar diens in die Ooste of aan die Kaap teken. Dit het nie die heen- en terugreis ingesluit nie, wat beteken het dat nog twee jaar bygevoeg moes word. Die vroue, “*sielverkopers*” genoem, wat by die indiensneming betrokke was, het hulle voorsien van 'n skeepskis met die basiese noodsaaklikhede, bv. 'n jas, hemde, slaapmus, matras, kleipype en brandewyn of jenever. Hierna het die lang reis feitlik dadelik begin.



Ets deur Renier Nooms van die uittoeg met platboomskuite vanaf Oostindisch Huis na die eiland Texel, van waar af alle skepe vertrek het



'n Vloot skepe maak gereed om vanaf die eiland Texel uit vaar na Batavia

Die Suidersee was te vlak vir skepe, daarom het die VOC se skepe van die eiland Texel vertrek. Almal wat van Amsterdam, Hoorn en Enkhuizen vertrek het, is met platboomskuite - ligters genoem - na Texel vervoer. Dit is hoe stamvader Pieter Hendrik Henning op 14 Julie 1765 met die Retoerskip Jonkvrouwe Cornelia Jacoba vanaf Texel vertrek het.

Die roete loop vanaf Oostindisch Huis langs die Nieuwe Hoogstraat en die Snoekjesgracht na die Oude Schans tot by die steier te Montelbaanstoren, 'n ou Renaissance-toring wat deel van die stad se muur was. Daar bestaan 'n ets van hierdie uittoeg deur Renier Nooms en 'n olieverskildery deur Abraham Storck. Die Oude Schans met sy troebel water en die Montelbaanstoren bestaan nog.

Met die uitvaart was skepe oorbeset, om voorsiening te maak vir verliese deur siektes of sterftes. Gewoonlik het 200 man vanaf Amsterdam vertrek teenoor 110 op die terugreis.

Die matrose was saam met hulle kiste en hangmatte tussen kanonne en die vrag gehuisves met die dakhoogte 1.8 meter, geventileer deur die luike en kanonpoorte. Nog laer af onder die waterlyn was die koerbrug, slegs deur die rooster in die oorloop geventileer, omtrent 1,5 meter hoog, waar die soldate in diens van die Kompanje gehuisves is. Hierdie mans was meestal Duitsers. Dit is sekerlik waar ons ou stamvader, Pieter Hendrik Henning ook gehuisves is. Kan jy jou indink hoe traumaties dit moet wees om vir vier maande lank (die reistyd tussen Nederland en die Kaap) onder sulke omstandighede te leef - jy kan nie regop staan nie en moet maar op jou knieë kruip tot

by jou lêplek. Dink aan die reuk in so ‘n ongeventileerde plek, waar ‘n klomp mans vir so lank ingeprop is – sonder voldoende water om jouself te was! Dit is behoorlik om van siek te word!

Skeurbuik en later vlektyfus was die siektes wat die meeste lewens geëis het. Skeurbuik was 'n verskriklike siekte. Tande het uitgeval, tandvleis het sleg geword en moes weggesny word, asemhalingsprobleme en opgeswelde ledemate was van die gevolge.

Die voorgeskrewe oggendgebed op die VOC-skepe het gelui: “O ewewige, almagtige God en Vader! Bevryd ons deur uwe barmhertigheid voor alle schadelyke stormwinden, onweder en alle andere zeenoden. Verleen ons goet weder en bekwaamen wint, opdat wy onse aangenomen reis voorspoediglyk mogen volbrengen tot Uwes Naams prys en eeredienste onzes Vaderlands, en troost der gene welken daaraan in het byzonder is gelegen.”



Skaalmodel van ‘n retoerskip, soos die Jonkvrouwe Kornelia Jakoba waarmee Pieter Hendrik Henning na die Kaap van Goeie Hoop gevaar het

Soos ons reeds weet, het Pieter Hendrik Henning op 14 Julie 1765 met die retoerskip De Jonkvrouwe Kornelia Jakoba vanaf Texel vertrek. Hierdie skip is gedurende 1763 in die Enkhuizen skeepswerf gebou. Dit was 140 voet lank en het 880 ton geweeg. Dit het ‘n bemanning van 290 gedra.

Pieter De Leur was die kaptein van die skip met die 14 Julie 1765 vaart na Batavia. Die skip het op 22 November 1765 by die Kaap van Goeie Hoop aangekom en het weer op 12 Desember 1765 op die res van sy vaart na die Verre Ooste

vertrek. Daar kan aanvaar word dat Pieter Hendrik Henning op 22 November 1765 vir die eerste keer sy voet by die Kaap van Goeie Hoop aan wal gesit het — **op ‘n paar dae na presies 250 jaar voor hierdie nuusbriëf.**


Die VOC argiewe dui ook aan dat die Jonkvrouwe Kornelia Jakoba in 1772 van Batavia na Bengale gevaar het. Die skip het op 23 Julie 1772 in die monding van die Houglyrivier in Bengale vergaan. Dit het op ‘n verradelike sandbank in die riviermonding gestrand. Al die bemanningslede is wel gered. Die stranding is toegeskryf aan oorbelading. Skynbaar was smokkelware en privaat handelsgoedere selfs tot op die dek opgestapel gewees.



Jan Andries Henning van Leraatsfontein

Jan Andries Henning *26 April 1949 van Leraatsfontein, Witbank het vir ons 'n familiefoto gestuur wat met sy 66ste verjaardag geneem is.

Agter: Wilmari, Wanda (Herd), Andrew (Herd), Barinda.
Middel: Juan, Jan, Corrie, Conrad.
Voor: Hendre, Wian, Chenade, Genre, Werner, Corné



Huwelike

b7.c1.d3.e1.f1.g1.h2.i3. Drian Henning *19-9-1984 het op 20 Maart 2015 te Pretoria in die huwelik getree het met Maritsa Erasmus *17-9-1991

Henning Webwerf

Ons het die Henning webwerf op Internet uiteindelik herontwerp. Almal word hartlik uitgenooi om weer 'n besoek daar te gaan aflê. Ons hoop en vertrou dat u van die nuwe ontwerp sal hou. Kommentaar en voorstelle sal verwelkom word.

Die webadres van die Henning Webwerf is www.henning.org

Afsterwe van Hennings

Ek het **b1.c3.d7.e9.f1.g2. Nicolaas Johannes (Nico) Henning *1-10-1942** van Die Wilgers in Pretoria op 21 Julie 1984 ontmoet, toe ons die stigtingsvergadering van die familiebond by my huis in Wierdapark, in die ou Verwoerdburg (deesdae Centurion) gehou het. Nico en sy vrou Marita was van die belangstellendes wat hierdie vergadering bygewoon het. Hy is dan ook tydens die vergadering op die bestuur van die nuutgestigte Henning Familiebond verkies.

Ek het Nico oor die jare leer ken as 'n baie goeie vriend, kameraad, patriot en 'n baie intelligente, hardwerkende en bydraende lid van die bestuur van die familiebond. Toe die bestuur van die familiebond gedurende 1997 na die Wes-Kaap verskuif, het Nico uitgetree, maar ons het steeds kontak gehou.



b1.c3.d7.e9.f1.g2. Nicolaas Johannes (Nico) Henning *1-10-1942 het na sy aftrede met pensioen, geleer om mikro-ligte vliegtuie te vlieg

Toe ek op Maandag 7 September 2015 die nuus ontvang dat hy die vorige dag oorlede is, was dit vir my 'n skok en 'n baie hartseerdag, want Nico was vir my 'n ware kameraad en vriend.

Nico Henning is gebore in Windhoek, Namibië, en het die grootste deel van sy skoolloopbaan in Benoni voltooi. Hy het daarna 'n B.Sc. graad verwerf aan die Universiteit van Stellenbosch en sy honeurs in Chemie behaal. Dit is ook waar hy sy vrou, Marita ontmoet het, en is hulle uiteindelik in Pretoria getroud waar albei gewerk het.

Kort na die geboorte van hul eerste dogter, het Nico sy werk by die SABS laat vaar en het hulle na Ceres verhuis om saam met 'n vennoot 'n besigheid te begin vir die stook van essensiële olies uit boegoe-blare. Alhoewel hul olies voldoen het aan internasionale standaarde, was die mark-behoefte in daardie stadium nog te klein om die besigheid staande te hou, en het Nico 'n werk in Namibie by 'n myn-maatskappy, Tsumeb Corporation Limited, aanvaar. Toe 'n geleentheid by Ceres Fruit Growers eger voordo, kon hulle terugkeer na die Boland waar Nico sy voorliefde vir chemie kon voortsit met die ontwikkeling van die eerste verdunnings uit vrugte konsentrete, wat vandag nog as Ceres sap op rakke beskikbaar is.

Met die voltooiing van hul gesin het Nico en Marita hulself eger eindelijk in Pretoria gevestig, waar beide by die WNNR begin werk het. Nico was by verskeie afdelings en projekte betrokke.

Met sy uitrede by die WNNR het hy teruggekeer na 'n ander groot passie van hom, nl. vlieg. Nico het vroeër jare aan 'n sweefklub naby die Magaliesberge behoort en het tot op solovlak gevorder, maar kon weens beperkte fondse nie daarmee volhou nie. Met sy aftrede het hy hierdie droom van hom verder gevoer deur die vliegkuns van mikro-ligte-vliegtuie aan te leer, en was die "oudste" persoon op die klubrekords wat dit bemeester het.

'n Klein beroerte in sy oog het hom eger gedwing om dit te laat vaar. Bo en behalwe sy liefde vir vlieg was hy ook baie meganies aangelê, en het vroeër jare sy eie voertuie gediens, en per geleentheid ook 'n Trax (vier-wiel voertuig) herbou. Op sy lys van suksesse was o.a. ook die bou van 'n sleepwa, veiligheidshukke vir hul woning, en een van sy laaste projekte 'n eetkamerstel met stoele uit laaghout.

Na die dood van sy vrou het twee boekies uit sy pen verskyn, nl. "*My Ander Helfte*", en "*Die Geloof van Gawie Goedeman*". Nico sal eger onthou word as 'n eggenote en pa vir wie sy gesin heel eerste gekom het, en wat gespreek het uit sy teenwoordigheid in hul grootword jare en ook hul volwasse lewens daarna. Sy afsterwe laat 'n groot leemte in hul lewens, asook die van sy ses kleinkinders.

In sy boekie “Die Geloof van Gawie Goedeman” is sy laaste woorde:
“Ek is weg, maar nie dood nie. Ek is nie êrens nie, maar ook nie nêrens nie. Ek is die liefde wat ons bind en in die liefde sal ons mekaar weer vind en 'n nuwe wêreld skep”.

Nico het in Augustus baie gewig verloor. Sy dogters het hom in die laaste week daarvan oorreed om hospitaal toe te gaan omdat hy baie swak geword het. Hy is opgeneem in die Sungardens Kliniek in Pretoria. 'n Sonar het metastase van kanker in die lewer getoon. Nico wou egter geen verdere toetse op homself laat doen nie en het gevra om na 'n hospice oorgeplaas te word, waar hy toe uiteindelik 'n paar dae later oorlede is. Dit was vir almal in sy familie baie onverwags.



b5.c5.d9.e2.f2.g1. Ds Gert Frans Henning *5-7-1936 van Hartenbos wat op 3 Mei 2015 oorlede is

Ons het verneem dat **b5.c5.d9.e2.f2.g1. Gert Frans Henning *5 Julie 1936** op 3 Mei 2015 te Hartenbos oorlede is. Ds Gert Frans Henning was die oudste seun van Stephanus Johannes Henning [Fanie] en Aletta Susanna [Lettie] nee Croucamp. Gert Henning matrikuleer met onderskeiding in Latyn en studeer toe vir predikant, eers vir BA aan die Vrystaatse Universiteit en toe het hy sy opleiding as predikant aan die Kweekskool aan die Universiteit van Stellenbosch voltooi. Hy bedien die NG gemeentes van Venterstad, Vioolsdrift, Bloemhof en die Lugmaggimnasium in Pretoria.

Hy tree in die huwelik met Hester Salamina Kleynhans van distrik Riversdale. Die egpaar het drie seuns gehad: Alphonso [Fonnie], Stephné [Stef] en Francois. Ongelukkig het hy sy eerste en tweede eggenotes verloor deur egskeiding, maar sy derde vrou Beril Amelia gebore Müller was uiteindelik die groot liefde van sy lewe. Hy was met Tannie Beril, 'n afgetrede onderwyseres, getroud tot en met sy dood op 3 Mei 2015.

Gert Henning het gewerk as predikant, en dit was sy lewensroeping. Met sy eerste egskeiding in 1984 het hy egter sy predikant-status verloor. Hy begin werk as eiendomsagent by die destydse Currie-eiendomsagentskap, destyds die oudste agentskap in Pretoria. Hierna werk hy by Sanlam as verteenwoordiger vir ongeveer 6 jaar voordat hy 'n onafhanklike makelaar word. Die hunkering om weer predikant te word was egter steeds baie sterk. Tot en met sy dood was hy bekend as Doorninee Henning.

Sommige van sy sterkste eienskappe was sy nederigheid en sagmoedigheid - kwaliteite wat van hom die ideale berader gemaak het. Daar was min mense wat met soveel empatie en deernis na 'n medemens se probleem kon luister as juis Gert Henning.

Ons het ook verneem van die dood van **b5.c4.d3.e2.f1.g5. Willem Sterrenberg Henning *10 Mei 1937** op 31 Mei 2015 te Klerksdorp. Hy word oorleef deur sy vrou, Elizabeth Maria Cecilia (gebore Geyser) en twee kinders met hul gesinne. Hy het 38 jaar lank by die Stilfontein Goudmyn gewerk as opleidingsbeampte. Nadat die myn gedurende 1992 gesluit het, tree Willem af met vervroegde pensioen. Hy dien ook baie jare lank op die kerkraad van die Hervormde Kerk en was baie betrokke by die kategorie, waar hy Superintendent van Katagese was.

Hy was sedert 1999 'n diabeet en het ongeveer agt maande voor sy dood slaap apnee opgedoen. Nog later het hy 'n uitslag op sy bene gekry, wat gediagnoseer is as vaskolites. Hy is op 8 Mei opgeneem in die Rosebank Netcare hospitaal te Johannesburg waar hy deur 'n vaskulêle spesialis behandel is. Hy was vir drie weke in die intensiewesorg-eenheid, maar die behandeling was onsuksesvol. Hy is toe oorlede as gevolg van septicemie.

Ongelukkig kon ons nie 'n foto van Willem Sterrenberg Henning bekom nie.



Geldsake

Ten spyte van die feit dat die bestuur van die Familiebond jare gelede reeds verpligte ledegedelde afgeskaf het, bly ons afhanklik van donasies om te oorleef. Ons waardeer alle bydraes ten seerste.

Eerstens wil ons graag hartlike dank uitspreek teenoor diegene wat gereeld met 'n maandelikse debietorder finansiële bydraes tot die familiebond lewer. Hier vermeld ons graag die name van Jan Andries Henning van Leraatsfontein, Witbank, Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, Past Antonie Henning van Wonderboom-Suid, Pretoria en Pieter (PJS) Henning van Ramsgate. So gereeld soos

klokslag verskyn hierdie vier name elke maand op die familiebond se bankstaat.

Ons wil graag so veel as moontlik lede aanmoedig om hierdie opsie te oorweeg. Selfs 'n klein bedraggie van so min as R20.00 per maand is van groot waarde vir die familiebond. Later voel u nie eens meer hierdie klein bedraggie in u begroting nie en u is in volle beheer van die transaksie. U besluit self of u dit wil aanpas, of staak. 'n Debietorder van R20.00 per maand beteken R240.00 per jaar vir die familiebond.

Tweedens wil ons ook baie dankie sê aan al ons lede wat oor die afgelope drie maande vir ons eenmalige donasies aangestuur het. Soos gewoonlik vermeld ons die name van diegene wat ruimskoots – R300.00 of meer - bygedra het. Oor die afgelope drie maande het mev A E (Ena) Henning, weduwee van wyle H F (Herman) Henning van Rietfontein, Pretoria R500.00 ter herrinnering aan haar geliefde eggenoot bygedra.

Alle bydraes kan direk in die rekening van die **Henning Familiebond** inbetaal word. Die besonderhede is as volg: **ABSA Bank Villiersdorp (tak 334 612), Rekening nr 2890 610 423**. Dit is 'n tjekrekening. Vermeld asseblief te alle tye u lid nommer en/of voorletters en van as verwysing. U lidnommer verskyn op hierdie nuusbrieff se koevert of as u die nuusbrieff elektronies ontvang, saam met u naam in die adreskolom.

Wêreld Premiêre van film, Boere op die Aardsdrempe

Die wêreld premiêre van die film, Boere op die Aardsdrempe het tydens die Silwerskermfees op 28 Augustus 2015 plaasgevind. Daar is 'n Afrikaanse en Engelse weergawe van die film gemaak. Dit is 'n dokumentêre film van 'n Afrikaner gemeenskap in 'n afgeleë gedeelte van Patagonië in Argentinië.

Dit is algemeen bekend dat vier Henning gesinne in 1905 saam met 'n groot groep Afrikaner gesinne van die Noord-Oos Kaap na Argentinië geëmigreer het. In 1938 lei b6.c1.d3.e5.f3. Pieter Hendrik Henning 'n groot groep van hierdie immigrante terug na hulle vaderland, maar 463 van hulle familieledede (waaronder 'n hele klomp Hennings) bly in Argentinië agter.

Die film gaan oor die stryd wat hierdie mense het om hulle taal en kultuur staande te hou in 'n oorheersend Spaanstalige land. Dit het duidelik geword dat Afrikaans as taal binnekort by hierdie gemeenskap gaan uitsterf, as gevolg van onoorkomelike probleme.

Bondsekretaris, Olivier Henning het gedurende 2013 te hore gekom van hierdie projek en het die vervaardiger van die film, Richard Finn Gregory, van die *Good Work Picture Company* voorsien van die Henning familie se betrokkenheid by hierdie verhaal. Ons het dus 'n onderneming gekry dat daar erkenning gegee sal word vir die insette en betrokkenheid van die Henning Familiebond. Daar word skynbaar ook 'n onderhoud met 'n Willem Henning in die film gevoer.

Die vervaardigers is tans besig met onderhandelinge met DSTV se Kyknet kanaal met betrekking tot die uitsaai van die film. Daarna sal 'n DVD van die film te koop aangebied word.

Ons sal u op hoogte hou wanneer die film op Kyknet uitgesaai sal word en wanneer dit op DVD beskikbaar sal wees.

'n KampioenGewigopteller

Op Woensdag 5 Augustus 2015 tydens die program Kwela op die Kyknet televisie kanaal het een van die aanbieders, Pieter Koen, 'n onderhoud gevoer met b6.c4.d1.e5.f5.g6.h3. Jacobus Adriaan Gerhardus (Koos) Henning *13 Mei 1957 van Modimole (of Nylstroom, soos ons mense die dorp noem).

Koos is 'n man van vele talente. Op akademiese gebied het hy 'n doktorsgraad (Ph D) in Bodemkunde, wat hy in 1991 aan die ou Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verwerf het. Hy is 'n groot blomkundige en verskaf konsultasiedienste vir blomboere.

Hy het ook sy eie gimnasium in Nylstroom waar hy persoonlike afrigting doen en talle inwoners van die omgewing onder sy toesig oefen.

Koos is ook 'n uithaler kampioen gewigopteller. Sedert sy skooldae het hierdie sportsoort hom gefasineer en was hy gedurende die sewentiger en vroeë tagtiger jare die junior en senior gewigoptel kampioen van Suid-Afrika. Hy was ook tydens sy diensplig die SA Weermag kampioen.

Die detail van sy gewigoptelloopbaan lui as volg:

- SA Junior gewigoptel kampioen in die liggewigafdeling. Het ook die Bennie Oldewage toekenning as beste gewigopteller uit al die gewigklasse verower.
- SA Senior gewigoptel kampioen in die liggewigafdeling.
- SA Universiteit gewigoptel kampioen in die lig- en middelgewigafdeling. Ook toekenning as beste deelnemer uit al die gewigsafdelings.
- SA Weermag gewigoptel kampioen as liggewig en ook toekenning as beste deelnemer uit al die gewigsklasse.
- SA Senior kragoptel kampioen in die liggewig afdeling.
- Meer onlangs: 2014 - Verbeter Tony Asaro se 30 jaar oue SA veterane gewigoptel rekord in die 50 jaar ouderdom middelgewig afdeling met 3 kg en stoot ook die swaarste gewig bo sy kop wat nog ooit uit alle gewigsafdelings deur 'n Suid Afrikaner ouer as 50 gestoot is.
- 2015: Verbeter 2014 se veterane rekord met verdere 2 kg.
- Tans sesde op wêreldranglys vir die 50 - 60 ouderdom klas.

Koos het Suid-Afrika ook verteenwoordig tydens internasionale kompetisies teen Duitsland en die VSA. Die kompetisies is elke keer in spanverband gehou en die Suid-Afrikaanse span het elke keer gewen. Teen Duitsland het hulle twee keer meegeding. Eers in Duitsland en die tweede keer in Potchefstroom. Teen die VSA was die toernooi in Johannesburg.

Hy is gekies om Suid-Afrika vanaf 16 September 2015 tydens die Wêreld Meesters Gewigoptelkampioenskappe in Finland te gaan verteenwoordig. Die 58-jarige Koos het in die ouderdomsgroep 50 – 60 jaar in die 77 Kg gewigsafdeling meegeding.

Ten spyte van die feit dat die Suid - Afrikaanse Gewigoptel Federasie hom ingeskryf het, moes hy alleen gaan sonder enige hulp van Suid - Afrika (tegnies of finansieël). So 'n kompetisie is baie tegnies en dit was nogal kophou om dit op sy eie te doen. Die ander deelnemers het almal afrigters en spanbestuurders saam gehad.

Die nederige Koos sê dat hy baie bevoorreg was om deel te kon geneem het teen van die wêreld se grootste kampioene, wat almal sy helde was. Hy is tevrede met die sesde plek wat hy uiteindelik behaal het – hy was immers sesde in die wêreld gegradeer.

Gewigoptel is tans in die buiteland een van die gewildste sportsoorte onder mense ouer as 35 en die byeenkoms in Finland was die grootste gewigoptelkompetisie wat nog ooit aangebied is. Die kompetisie was baie straf - deelnemers uit die ou Oosblok lande oorheers hierdie kompetisie al vir baie jare. Tydens die kampioenskappe is in twee tegnieke meegeding: Die “opraap” (of “snitch” in Engels) en “ruk en wip” (of “clean and jerk” in Engels). Spoed en korrekte verplasing van swaartekrag is van kardinale belang. Hy moes ongeveer een en 'n half keer sy eie gewig uitgestoot het om tussen die eerste drie te eindig.

Koos sê dat hy om baie spesifieke redes aan die byeenkoms deelgeneem het. Eerstens wou hy bewys dat dit moontlik is om in 'n sport waar steroïdes algemeen gebruik word te bewys dat mens onder die wêreld se bestes gereken kan word sonder om van steroïdes gebruik te maak. Steroïde gebruik is 'n probleem in baie sportsoorte en die jonges glo al dat hulle nie daarsonder die mas kan opkom nie. Daarby wou hy ook graag 'n voorbeeld stel vir mense van sy ouderdom en wys dat hulle nie te oud is om 'n gesonde leefstyl te handhaaf nie. Oefening is wel geen versekering dat mens nie

gaan siek word of lank gaan lewe nie, maar dit is jou plig om die liggaam waarmee jy geskape is te versorg en na die beste van jou vermoë gesond te hou.

Koos is ook moedeloos om te sien hoe verkeerd ons top sportlui oefen - ons rugbyspelers byvoorbeeld sukkel om teen die harde internasionale spelers te kompeteer. Een van die redes daarvoor is verkeerde tegnieke wat hulle volg om spoed en plofkrag te bou. Hy sal bly wees indien een of twee van ons top sportmanne tot die besef kan kom dat hulle te veel op brute krag staatmaak en nie op plofkrag nie en dan die regte metodes gebruik om hierdie plofkrag te ontwikkel. Hy hoop regtig dat sy deelname ander mense kan motiveer en help.

Interessant was die feit dat elke nasie sy taal gepraat het en feitlik niemand Engels magtig was nie. Die kompetisie was byvoorbeeld in Fins aangebied - indien hulle Engels as taalmedium sou gebruik het, sou almal dit net so min as Fins verstaan het! Koos het op 'n stadium Afrikaans begin praat, want niemand verstaan Engels in ieder geval nie.

Koos se gesin is baie geheg aan mekaar. Sy dogter verwag haar tweede baba. Sy is 'n klein tenger vroultjie van 52 kg maar het onlangs 'n brons medalje op die Gauteng Ope Gewigoptelkampioenskappe verower. Sy is boervrou en bly gelukkig naby hulle. Sy oudste seun is 'n arbeidskonsultant in Upington en sy jongste seun is vierde jaar teologie student aan die Teologiese kweekskool te Potchefstroom.



b6.c4.d1.e5.f5.g6.h3. Jacobus Adriaan Gerhardus (Koos) Henning *13 Mei 1957 wat sekerlik die heel beste gewigopteller is wat Suid-Afrika opgelewer het. Hy het gedurende September 2015 die sesde plek in sy ouderdomsgroep en gewigsklas by die Wêreldkampioenskappe in Helsinki, Finland verower. Gewigoptel word deur die ou Oosblok lande oorheers en Koos se sesde plek – sonder die gebruik van steroïdes - was so goed soos goud

‘n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar vir almal